

Afrikaans

Huistaal en Lewensvaardigheid

1

Kwartaal 3



Grootboek



Kwartaal 3

Afrikaans

Huistaal en Lewensvaardigheid

Grootboek



Inhoud

My gemeenskap

Week 1	Lewensvaardigheid: Boekversorgingsreëls	1
	Gedeelde Lees: Thabo sluit by die biblioteek aan.....	2
Week 2	Lewensvaardigheid: Plekke in ons dorp.....	6
	Gedeelde Lees: Mense wat ons help	7

Troeteldiere

Week 3	Lewensvaardigheid: Wat troeteldiere nodig het.....	11
	Gedeelde Lees: 'n Honger kat	12

Maniere en verantwoordelikhede

Week 4	Lewensvaardigheid: 'n Kontrolelys vir goeie maniere.....	16
	Gedeelde Lees: Zander, die astrante varkie	17



Plante en sade

Week 5	Lewensvaardigheid: Hoe 'n boontjieplant groei	21
	Gedeelde Lees: My boontjieplant	22
Week 6	Lewensvaardigheid: Soorte plante	26
	Gedeelde Lees: Jan en die boontjierank.....	27

Kos

Week 7	Lewensvaardigheid: Waar kos vandaan kom	31
	Gedeelde Lees: Gawe en nare sop	32
Week 8	Gedeelde Lees: Gawe en nare sop	36
	Lewensvaardigheid: Gesonde happies.....	40
Week 9	Lewensvaardigheid: Vyf voedselgroepe.....	41
	Gedeelde Lees: Hoe om vrugteslaai te maak	42

Boekversorgingsreëls

Moenie  dit doen nie	Doen dit 	Reël
		Lees met skoon hande.
		Maak jou boek versigtig oop.
		Blaai die bladsye versigtig om.
		Hou jou boek veilig.
		Gebruik 'n boekmerk.
		Moenie in boeke skryf nie.

Week 1
Lewensvaardigheid

- Voor lees**
- Wat is 'n reël?
 - Watter reëls ken jy?
 - Hoekom het ons reëls nodig?

- Lees**
- Kyk na die tabel. Lees die opskrifte.
 - X'e wys wat jy **nie** moet doen nie.
 - ✓'s wys wat jy **moet** doen.

- Ná lees**
- Vra verskillende leerders om verskillende reëls na te boots. Die res van die klas raai elke keer watter reël dit is.

Thabo sluit by die biblioteek aan

Week 1

Gedeelde Lees

Lees tydens elke les die hele storie. Lees dit dan weer saam met die leerders en stop op elke bladsy om die vrae vir daardie dag te vra.

Dag 1: Begrip

- Dink jy Thabo hou daarvan om saam met sy oom te lees? Hoekom dink jy so?
- Waaroor gaan die boek? Hoe weet jy dit?
- Waar sit hulle? (*buitekant, in die erf*)

Dag 2: Dekodering

- Wys die flitskaart vir die woord **boek**. Pas die flitskaart by die woord op die bladsy.
- Vind woorde wat met die **b**-klank begin.

Dag 3: Vlotheid en reaksie

- Sou jy graag Thabo se boek wou lees?
- Waarvan sou jy graag wou lees?
- Wie lees soms saam met jou boeke?



Thabo se oom het vir hom 'n nuwe boek gegee.



Week 1 Gedeelte Lees


Dag 1: Begrip

- Wat is die merke op die boek? (*vingerafdrukke*)
- Hoekom, dink jy, is Thabo se hande vuil? (*sokker gespeel*)
- Wat het gebeur toe Thabo ingegaan het? (*Hy het die boek buite gelos en dit het begin reën.*)
- Wat gebeur met 'n boek wat nat word? Kan jy dit steeds lees? (*Bladsye kreukel en plak aan mekaar vas, so dit is baie moeilik om dit te lees.*)

Later het Thabo weer die boek gelees.

Dag 2: Dekodering

- Wys die flitskaart vir die woord **buite**. Pas die flitskaart by die woord op die bladsy.
- Vind woorde wat met die **b**-klank begin.



Dag 3: Vlotheid en reaksie

- Watter dinge kan jy in die reën los? (*plante, buitebanke, emmers, motors*)
- Watter dinge sal deur die reën beskadig word? (*boeke, koerante, binne-meubels, party speelgoed*)
- Watter boekversorgingsreëls het Thabo oortree?

Thabo het die boek buite gelos. Dit het nat geword.

Week 1
Gedeelde Lees

Dag 1: Begrip

- Wat is 'n biblioteek?
(*'n plek wat vir mense boeke leen om te lees*)
- Hoekom moet jy veral biblioteekboeke mooi versorg? (*Hulle is daar vir almal om te lees.*)
- Hoe het Thabo gevoel toe Vera haar boek vir die klas gewys het? Hoekom?
- Wat was die onderwyser besig om vir die klas te leer? (*leidraad op die bord*)

Dag 2: Dekodering

- Wys die flitskaart vir die woord **biblioteek**. Pas die flitskaart by die woord op die bladsy.
- Vind woorde wat met die **h**-klank begin.

Dag 3: Vlotheid en reaksie

- Het jy al ooit 'n biblioteek gesien? Waar was dit?
- Kan kinders op hul eie by 'n biblioteek aansluit? Hoekom moet 'n volwassene by jou wees?



Vera het haar
biblioteekboek vir die
klas gewys.



Week 1

Gedeelde Lees

Dag 1: Begrip

- Wie is die persoon wat die boek stempel? (*bibliotekaris/ bibliotekaresse*)
- Wie, dink jy, help vir Thabo om by die biblioteek aan te sluit?
- Waaroor gaan Thabo se biblioteekboek?
- Wat kan Thabo doen om sy boek veilig te hou? (*hou dit in 'n plastieksakkie om huis toe te neem; sit dit by die huis op 'n rak; hou dit weg van die baba, reën en ander gevare; was sy hande voordat hy dit hanteer*)

Dag 2: Dekodering

- Wys die flitskaarte vir **aangesluit** en **belowe**. Pas die flitskaarte by die woorde op die bladsy.
- Vind woorde wat met die **b**-klank begin.

Dag 3: Vlotheid en reaksie

- Watter boek sal jy graag by 'n biblioteek wou leen?
- Hoekom moet jy ekstra versigtig met biblioteekboeke wees?
- Wys al die flitskaarte vir die week. Lees hierdie woorde vinnig.

Thabo het by die biblioteek aangesluit. Hy het belowe om sy boek op te pas.

Plekke in ons dorp



Week 2

Lewensvaardigheid

Voor lees

- Watter plekke in ons gemeenskap kan deur almal gebruik word?

Lees

- Kan jy hierdie plekke in die dorpie vind: park; winkel; kerk; stadsaal; polisiestasie; biblioteek; kliniek?
- Wat is die doel van elke plek? Wie gebruik of werk by elke plek?

Ná lees

- Praat oor hoe hierdie dorpie dieselfde is of verskil van waar jy woon.

Mense wat ons help

Wie kan jou help as jy jou been breek?



Die dokter en die verpleegster kan jou help.

Week 2

Gedeelte Lees

Lees tydens elke les die hele storie. Lees dit dan weer saam met die leerders en stop aan die einde van elke bladsy om die vrae vir daardie dag te vra.

Dag 1: Begrip

- Wie help die meisie?
- Wie help die dokter?
- Waar is die meisie? (*kliniek, hospitaal, spreekkamer*)
- Hoe, dink jy, voel die meisie? Hoe weet jy dit?

Dag 2: Dekodering

- Wys die flitskaarte vir die woorde **dokter** en **verpleegster**. Pas die flitskaarte by die woorde op die bladsy.
- Vind woorde wat met die e-klank begin.

Dag 3: Vlotheid en reaksie

- Was jy al ooit siek? Vertel ons daarvan.
- Hoe het jy gesond geword?

Wie kan jou help as jy wil leer lees en skryf?

Week 2

Gedeelde Lees

Dag 1: Begrip

- Wat noem jy iemand wat jou help om te leer?
- Waar werk onderwysers?
- Watter verskillende tipes onderwysers kry jy?

Dag 2: Dekodering

- Wys die flitskaarte vir die woorde **onderwyser** en **help**. Pas die flitskaarte by die woorde op die bladsy.
- Vind woorde wat met die **a**-klank begin.

Dag 3: Vlotheid en reaksie

- In pare, dink aan dinge wat onderwysers doen.
- Voer iets op wat onderwysers doen. Die klas moet raai wat dit is.



'n Onderwyser kan jou help.

Wie kan jou help as jy verdwaal?



Week 2

Gedeelde Lees

Dag 1: Begrip

- Wat kan jy doen as jy verdwaal?
- Wat kan 'n polisievrout doen om jou te help?
- Wat doen die polisie nóg?

Dag 2: Dekodering

- Wys die flitskaart vir die woord **polisievrout**. Pas die flitskaart by die woord op die bladsy.
- Vind woorde wat met die **a**-klank begin.

Dag 3: Vlotheid en reaksie

- Het jy al ooit 'n polisiehond gesien? Waar was dit? Wat het dit gedoen?
- Hoekom dra die polisie uniforms? (sodat jy weet vir wie om hulp te vra)
- Hoe weet jy of 'n gebou 'n polisiestasie is? (blou lig)
- Hoe weet jy of 'n voertuig 'n polisievoertuig is? (blou lig)

'n Polisievrout kan jou help om by die huis te kom.

Wie kan jou help as daar 'n brand is?

Week 2

Gedeelde Lees

Dag 1: Begrip

- Wie blus 'n groot vuur?
- Wat gebruik brandweermante om vure te blus?
- Hoekom moet jy 'n grootmens roep wanneer jy 'n vuur sien? *(Vure is baie gevaarlik. 'n Grootmens kan 'n klein vuurtjie vinnig blus of die brandweerstasie bel om 'n groot vuur te blus.)*

Dag 2: Dekodering

- Wys na die woord **vuur**.
- Vind woorde wat met die j-klank begin.

Dag 3: Vlotheid en reaksie

- Het jy al ooit 'n groot vuur gesien?
- Waar was dit? Wat het gebeur?
- Wys al die flitskaarte vir die week. Lees die flitskaarte vinnig.




'n Brandweerman kan jou help.

Wat troeteldiere nodig het



Oefening:

Troeteldiere moet kan speel en rondhardloop. Hulle behoort nie vasgemaak of in die son gelos te word nie.



Skuling:

Troeteldiere het 'n veilige, warm en droë plek nodig om te slaap.



Goedhartigheid:

Troeteldiere kan nie praat nie, maar hulle voel pyn en eensaamheid. Ons moet liefdevol teenoor ons troeteldiere wees.



Kos:

Troeteldiere moet elke dag kos kry.



Water:

Troeteldiere het elke dag vars water nodig om te drink.



Week 3

Lewensvaardigheid

Voor lees

- Wat is 'n troeteldier? Het jy een? Vertel ons van jou troeteldier.

Lees

- Kyk na die prente in die breinkaart.
 - Water troeteldiere sien jy in die middel?
- Lees die opskrifte saam met die leerders.
- Lees die inligting vir die leerders.
- Wat sê hierdie breinkaart vir ons?

Ná lees

- Wat is die DBV? Hoe help hulle diere?

'n Honger kat

Op 'n dag het ek 'n kat in ons erf gesien. Sy het honger en moeg gelyk.

Week 3

Gedeelde Lees

Lees tydens elke les die hele storie. Lees dit dan weer saam met die leerders en stop op elke bladsy om die vrae vir daardie dag te vra.

Dag 1: Begrip

- Wie praat of vertel die storie? Hoe weet jy dit?
- Hoe weet jy dat die kat honger is?
- Hoekom het die kinders hulle mamma geroep?

Dag 2: Dekodering

- Wat noem ons hierdie tekens? Wat sê dit vir ons? (wys na aanhalingstekens)
- Wys die flitskaarte vir die woorde **kat** en **honger**. Pas die flitskaarte by die woorde op die bladsy.
- Vind woorde wat met die **g**-klank begin.

Dag 3: Vlotheid en reaksie

- Lees die woorde tussen aanhalingstekens anders as die ander teks.
- Sou jy graag vir 'n honger kat 'n huis wou gee? Sê hoekom of hoekom nie?
- Wat sou jy graag wou doen om 'n honger dier te help?



My broer het gesê: “Kom ons roep vir Mamma.”

“Kan ons asseblief hierdie kat hou, Mamma?” het ek gevra.



Week 3

Gedeelde Lees

Dag 1: Begrip

- Wat het die meisie vir haar mamma gevra?
- Wat het haar mamma geantwoord?

Dag 2: Dekodering

- Wys vir my die aanhalingstekens op hierdie bladsy.
- Wys die flitskaart vir die woord **versorg**. Pas die flitskaart by die woord op die bladsy.
- Vind woorde wat met die k-klank begin.

Dag 3: Vlotheid en reaksie

- Wat sal die kinders moet doen om te help om die kat te versorg. (vir haar 'n plek kry om te slaap, vir haar kos en water gee)
- Sal jy daarvan hou om 'n dier te versorg? Sê hoekom of hoekom nie.

Mamma het gesê: “Jy kan die kat hou as jy haar sal versorg.”

Week 3

Gedeelte Lees

Dag 1: Begrip

- Watter kos, dink jy, het die kinders vir die kat gegee? (Katte eet kos uit 'n pakkie of blikkie, vleis, hoender of vis.)
- Wat het die meisie gebruik om die bed te maak?
- Hoekom het die kinders vir die kat water gegee?

Dag 2: Dekodering

- Is daar enige aanhalingstekens op hierdie bladsy?
- Wys flitskaarte vir die woorde **kos** en **water**. Pas die flitskaarte by die woorde op die bladsy.
- Vind woorde wat met die **k**-klank begin.

Dag 3: Vlotheid en reaksie

- Wat sal jy 'n troetelkat noem?
- Hoe help katte mense? (vang muis en rotte)



Ek het die kat Prinses genoem. Ons het vir haar 'n bed gemaak om op te slaap. Ons het elke dag vir haar kos en water gegee.

Een oggend het ek 'n verrassing gekry!



Week 3

Gedeelde Lees

Dag 1: Begrip

- Wat was die verrassing?
- Wie sal die katjies voer wanneer hulle piepklein is? (*die mamma*)
- Wat let jy op omtrent die katjies se ogies? (*hulle is toe, maar sal oopgaan wanneer hulle groter is*)
- Mag die meisie hulle optel? (*nee, nie totdat hulle ogies oop is en hulle 'n bietjie groter is nie*)

Dag 2: Dekodering

- Wys na 'n uitroepteken.
 - Wat noem ons hierdie teken?
 - Wat sê dit vir ons?
- Wys na die woord **katjies**.
- Vind woorde wat met die **k**-klank begin.

Dag 3: Vlotheid en reaksie

- Wat het julle van katte uit die storie geleer?
- Watter dier sal jy graag vir 'n troeteldier wil hê? Sê hoekom.
- Wys al die flitskaarte vir hierdie week. Lees die flitskaarte vinnig.

Mamma het gesê: “Ons sal vir hulle goeie huise kry wanneer hulle groter is.”

'n Kontrolelys vir goeie maniere

Het ons vandag ...

☐

volwassenes gegroet?

☐

kinders gegroet?

☐

vinnig aangetree?

☐

in die klas geluister?

☐

ons beurt afgewag om te praat?

☐

ander se besittings gerespekteer?

☐

jammer gesê?

☐

dankie gesê?

☐

gedeel?

☐

reg genies en gehoes?

☐

seker gemaak ons is gaaf en vriendelik met mekaar?

Week 4

Lewensvaardigheid

Voor lees

- Wat is goeie maniere? Hoekom is dit belangrik? Hoekom het ons goeie maniere en verantwoordelikheid by die skool nodig?

Lees

- Wat is 'n kontrolelys?
- Vir elke punt:
 - Lees en bespreek wat dit beteken.
 - Vrywilligers demonstreer of rolspel goeie maniere.
 - Bespreek waarom dit belangrik is.

Ná lees

- Kom ons lees weer die lys en merk die dinge af wat ons almal doen.

Zander, die astrante varkie

“Jy moet altyd goeie maniere hê. Jy moet mense groet,” sê Mamma Vark.



Week 4

Gedeelde Lees

Dag 1: Begrip

- Hoekom, dink jy, is die varkie so astrant?
- Wat wil sy mamma hê moet hy doen?
- Hoekom luister Zander nie na sy mamma nie? *(Hy is astrant; selfs teenoor sy mamma; hy dink maniere is nie belangrik nie.)*

Dag 2: Dekodering

- Wys die flitskaarte vir die woorde **maniere** en **groet**. Pas die flitskaarte by die woorde op die bladsy.
- Vind woorde wat met die **m**-klank begin.

Dag 3: Vlotheid en reaksie

- Hoe sal jy lees wat Zander sê?
- Het jy al ooit iemand ontmoet wat astrant was? Wat het hulle gedoen?
- Wat is goeie maniere?

Maar Zander sê: “Nee! Ek wil nie!”

Zander ontmoet vir Donkie, Padda en Skilpad.

Week 4

Gedeelde Lees

Dag 1: Begrip

- Watter diere het vir Zander gegroet?
- Wat het hulle gesê?
- Wat het Zander vir Donkie, Padda en Skilpad gesê?
- Hoe, dink jy, het die diere gevoel?
- Wat sê dit vir ons van Zander?
- Wat moes Zander vir die diere wat hy ontmoet het, gesê het? (Hy moes hulle beleefd gegroet en gesê het: "Hallo, hoe gaan dit met julle?")

Dag 2: Dekodering

- Wys die flitskaart vir die woord **goeiemôre**. Pas die flitskaart by die woord op die bladsy.
- Vind woorde wat met die **d**-klank begin.

Dag 3: Vlotheid en reaksie

- Hoe sal jy lees wat die diere sê? Hoe sal jy lees wat Zander sê?
- Hoe sal jy voel as mense jou nie groet nie?
- Hoe groet jy die skoolhoof? Hoe groet jy onderwysers? Hoe groet jy alle volwassenes? Hoe groet jy ander kinders?



Die plaashond het vir Zander gesien. Hy het vir Zander gejaag.



Week 4

Gedeelde Lees

Dag 1: Begrip

- Wat het Zander gedoen? Mag hy dit doen?
- Is dit sleg om te steel? (Ja, steel is nie eerlik nie/nie respekvol teenoor ander se eiendom nie.)
- Wat moes Zander gedoen het? (Hy moes die boer gevra het.)
- Wat, dink jy, gaan volgende gebeur?

Dag 2: Dekodering

- Vind woorde wat met die g-klank begin.

Dag 3: Vlotheid en reaksie

- Was jy al iewers waar jy nie toegelaat mag word nie? Vertel ons wat gebeur het.
- Hoekom moet jy nie dinge neem wat aan ander behoort nie?

Dag 1: Begrip

- Dink jy Zander was betyds by die heining?
- Wat het die diere vir Zander gesê?
- Hoekom het die diere hom nie gehelp nie?
- Dink jy Zander sal 'n les hieruit leer?

Dag 2: Dekodering

- Wys die flitskaarte vir die woorde **asseblief** en **jammer**. Pas die flitskaarte by die woorde op die bladsy.
- Vind woorde wat met die m-klank begin.


Dag 3: Vlotheid en reaksie

- Lees met uitdrukking wat Zander en die diere sê.
- Om mense te groet is goeie maniere. Watter ander goeie maniere moet mense hê? (sê "asseblief" en "dankie"; staan in die ry sonder om te stamp en stoot, wag jou beurt af, respekteer wat aan ander behoort, ensovoorts)



Zander het geroep:
“Help my, asseblief!”
Maar die diere het gesê:
“Jammer, ons is te dom.”

Hoe 'n boontjieplant groei



- 1 Die boontjiesaadjes kry hitte en water.
- 2 'n Klein worteltjie verskyn.
- 3 Die wortel groei langer onder die grond.
- 4 Die wortel ontwikkel kleiner wortels onder die grond.
- 5 Die stingel groei bokant die grond.
- 6 Twee blare begin groei.
- 7 Die blare word groter.

Week 5

Lewensvaardigheid

Voor lees

- Wys vir die leerders 'n plant.
- Wat is die verskillende dele van 'n plant?
- Watter dele is bo die grond, en watter dele is onder die grond?

Lees

- Kyk na die diagram.
 - Wat wys dit? Wat beteken die getalle?
 - Wat let jy op oor elke illustrasie?
- Lees die inligting vir die leerders.

Ná lees

- Leerders kweek 'n boontjieplant in 'n piering (sien OG bl. 56).

My boontjieplant

My naam is Neo. Ek het 'n boontjieplant gekweek.

Week 5

Gedeelde Lees

Dag 1: Begrip

- Wat het Neo eerste gedoen?
- Hoekom was die koerantpapier nat? Gebruik wat jy alreeds van plante weet om dit te beantwoord.
- Waar het sy die saadjies gesit?

Dag 2: Dekodering

- Wys die flitskaarte vir die woorde **boontjieplant** en **boontjiesaadjie**. Pas die flitskaarte by die woorde op die bladsy.
- Vind woorde wat met die **b**-klank begin.

Dag 3: Vlotheid en reaksie

- Sê die teks wat regtig gebeur het? Hoe weet jy dit?
- Het jy al ooit boontjies geëet? Watter deel van die plant het jy geëet?
- Het jy al ooit 'n saadjie geplant? Wat het gebeur?



Eers het ek my boontjiesaadjie met nat koerantpapier toegemaak. Toe het ek dit in die son gesit.



Week 5 Gedeelte Lees

Dag 1: Begrip

- Hoe het Neo geweet dat die saadjie begin groei?
- Hoekom, dink jy, moes Neo die saadjie in grond plant?

Dag 2: Dekodering

- Wys die flitskaarte vir die woorde **grond** en **groei**. Pas die flitskaarte by die woorde op die bladsy.
- Vind woorde wat met die **b**-klank begin.

Dag 3: Vlotheid en reaksie

- Het jy al 'n blompot gesien? Hoe het dit gelyk? (*Bespreek die gaatjie(s) aan die onderkant en klippies onderin vir dreinerings.*)
- Waar sou jy grond kry as jy 'n pot wou vol maak?
- Wat kan jy in plaas van 'n pot gebruik?

Eers het 'n klein worteltjie ondertoe gegroei.
Daarna het 'n stingel met blare boontoe gegroei.
Ek het dit in 'n pot met grond geplant.

Week 5

Gedeelte Lees

Dag 1: Begrip

- Hoekom het Neo die plant elke dag natgemaak? Gebruik wat jy alreeds van plante weet om te antwoord.
- Wat anders het die plant nodig gehad om te groei? (*grond, son*)

Dag 2: Dekodering

- Wys die flitskaart vir die woord **blare**. Pas die flitskaart by die woord op die bladsy.
- Wys na die woord **natgemaak**.
- Vind woorde wat met die **b**-klank begin.

Dag 3: Vlotheid en reaksie

- Wat kan jy gebruik as jy nie 'n gieter het nie?
- Hoe kry plante wat in die veld groei water?



Ek het die pot in die son
gesit en die plant elke
dag natgemaak.
My boontjieplant het
nog blare bygekry.

Toe die plant genoeg blare
gehad het, het ek dit in
die skool se tuin geplant.



Week 5

Gedeelde Lees

Dag 1: Begrip

- Wanneer het Neo die boontjieplant in die tuin geplant?
- Hoekom is daar 'n stok in die grond langs die plant?
- Sal sy aanhou om haar plant nat te maak?

Dag 2: Dekodering

- Wys na die woord **blare**.
- Vind woorde wat met die **b**-klank begin.

Dag 3: Vlotheid en reaksie

- Dink jy dit is maklik of moeilik om boontjies te kweek? Sê hoekom.
- Dink jy boontjies is 'n goeie soort groente om te kweek? Sê hoekom.
- Het jy al iets gekweek? Vertel vir ons daarvan.
- Wys al die flitskaarte vir hierdie week. Lees die flitskaarte vinnig.

Binnkort sal ons heerlike
boontjies hê om te eet.

Soorte plante

Daar is baie verskillende soorte plante.
Ons kan hulle as volg groepeer:

Bome is plante met 'n sterk stam en baie takke.



Struik is nie so groot soos bome nie. Hulle het 'n paar houtagtige stingels.



Kruie is kleiner as struik. Hulle het sagter stingels.



Grasse het hol stingels met litte, en lang, dun blare.



Rankplante en grondbedekkers is plante wat ondersteuning nodig het, of kruipend oor die grond groei.



Hierdie plante lyk almal verskillend, maar hulle het almal wortels, stingels, blare, en party het ook blomme.

Week 6

Lewensvaardigheid

Voor lees

- Hersien die dele van 'n plant.

Lees

- Lees die opskrifte en kyk na die foto's saam met die leerders.
- Lees die verduidelikings vir die leerders.
- Hoe, dink jy, is hierdie plante gegroepeer? Verduidelik hoekom.

Ná lees

- Gaan stap in die natuur om verskillende soorte plante te identifiseer (sien OG bl. 68).

Jan en die boontjierank

Jan en sy mamma was baie arm. Jan het hul koei vir 'n paar towerboontjies verkoop.



Week 6

Gedeelde Lees

Dag 1: Begrip

- Hoekom het Jan die koei verkoop?
- Wat het die boer vir Jan in ruil vir die koei gegee?
- Dink jy Jan was dom? Sê hoekom of hoekom nie?

Dag 2: Dekodering

- Wys die flitskaarte vir die woorde **boontjies** en **boontjierank**. Pas die flitskaarte by die woorde op die bladsy.
- Vind woorde wat met die j-klank begin.

Dag 3: Vlotheid en reaksie

- Watter ander stories oor towerkuns het jy al gehoor?

Die boontjies het 'n groot boontjierank geword.

Week 6

Gedeelde Lees

Dag 1: Begrip

- Wat het die boontjies geword? Wys na die woord wat dit vir jou sê.
- Hoekom, dink jy, het Jan by die towerboontjierank opgeklim?
- Wat het hy gesien?

Dag 2: Dekodering

- Wys die flitskaarte vir die woorde **geklim** en **reus**. Pas die flitskaarte by die woorde op die bladsy.
- Vind woorde wat met die **g**-klank begin.

Dag 3: Vlotheid en reaksie

- Hoe lank, dink jy, was die boontjierank? Het dit tot hoog in die lug gegroei? Tot by die sterre? Tot by die maan?
- Hoe lank, dink jy, is 'n reus? Sou 'n reus by die bokant van 'n huis se dak kon bykom? 'n Groot boom? 'n Kameelperd?



Jan het tot bo geklim. Hy het 'n reus gesien slaap.

Jan het 'n hen gesien wat goue eiers lê. Hy het die hen gevat.



Die reus het wakker geword.

Week 6
Gedeelde Lees

Dag 1: Begrip

- Hoekom het Jan die hen gevat? (want hy was baie arm en die hen het goue eiers gelê – wys waar die antwoord op hierdie vraag op die tweede bladsy van die storie is)
- Wat het die reus wakker gemaak? Wys na die woorde wat dit vir jou sê.
- Wat, dink jy, gaan die reus doen?

Dag 2: Dekodering

- Wys die flitskaart vir die woord **hen**. Pas die flitskaart by die woord op die bladsy.
- Vind woorde wat met die **h**-klank begin.
- Wys na die spraakborrel.
 - Wat is dit?
 - Wat sê dit vir jou?
- Wys na die uitroepeteken. Wat is dit? Wat sê dit vir jou?

Dag 3: Vlotheid en reaksie

- Hoe sal jy die woorde, Kloek! Kloek! lees? (hard – dit het die reus wakker gemaak)

Die reus het vir Jan gejaag. Gelukkig het Jan se mamma die boontjierank afgekap.

Week 6

Gedeelde Lees

Dag 1: Begrip

- Wat, dink jy, het met die reus gebeur?
- Hoekom was Jan en sy mamma nooit weer arm nie?

Dag 2: Dekodering

- (Wys na die spraakborrel.) Wat is dit? Wat sê dit vir jou?
- Wys na die woord **gejaag**.
- Vind woorde wat met die f-klank begin.

Dag 3: Vlotheid en reaksie

- Hoe moet jy die reus se woorde lees? (*hard, norserig*)
- Dink jy Jan moes die reus se hen wat goue eiers lê gesteel het? Sê hoekom of hoekom nie?
- Is dit 'n ware verhaal? Het dit regtig gebeur of is dit denkbeeldig?
- Wys al die flitskaarte vir hierdie week. Lees die flitskaarte vinnig.



Jan en sy mamma was
nooit weer arm nie.

Waar kos vandaan kom

Sommige kosse is afkomstig van plante.

Vrugte	Groente	Graankos
		
		

Sommige kosse is afkomstig van diere.

Vleis	Diereprodukte	Vis
		
		

Week 7
Lewensvaardigheid

- Voor lees**
- Hersien die dele van 'n plant.
 - Watter dele eet ons? Gee voorbeelde.

- Lees**
- Kyk na die tabel.
 - Watter kos sien jy?
 - Lees die opskrifte. Hoe is die kos gegroepeer?

- Ná lees**
- Is hierdie plant- of diereprodukte: meliemeel; brood; kouevleis; skyfies; kaas; spinasie?
 - Teken twee sirkels op die bord om hierdie kossoorte te klassifiseer (sien OG bl. 80).

Gawe en nare sop

Mamma sê: “Kyk na hierdie groente! Ek gaan vandag sop maak.”

Week 7

Gedeelde Lees

Party stories is te lank om op een slag te lees. Ons kan ophou lees en weer aangaan waar ons opgehou het. Hierdie is 'n lang storie, so ons sal die helfte van die storie hierdie week lees, en die ander helfte volgende week. Lees dié week bladsy 32 tot 35.

Dag 1: Begrip

- Wat gaan Mamma gebruik om die sop mee te maak (*Benoem al die groente.*)
- Dink jy die kinders gaan regte of nagemaakte sop maak? (*Verduidelik nagemaak.*)

Dag 2: Dekodering

- Wys die flitskaarte vir die woorde **groente** en **sop**. Pas die flitskaarte by die woorde op die bladsy.
- Vind woorde wat met die s-klank begin.

Dag 3: Vlotheid en reaksie

- Watter leestekens sien jy?
- Hoe sal jy die woorde tussen die aanhalingstekens lees? (*asof die persoon praat*)
- Het jy al ooit gehelp om sop te maak? Wat het jy gedoen?



“Ons sal ook sop maak,”
sê Vusi, Fanele en Baba.

Vusi kry nare goed om in sy sop te sit.



Week 7

Gedeelde Lees

Dag 1: Begrip

- Wat sit Vusi in sy nare sop?
- Hoekom is dit nagmaakte sop? (*kinders kon dit nie eet nie*)
- Wie sal Vusi se nare sop eet?
- Is monsters werklik of denkbeeldig? (*denkbeelding, net in boeke of fliks*)

Dag 2: Dekodering

- Wys die flitskaart vir die woord **nare**. Pas die flitskaart by die woord op die bladsy.
- Vind woorde wat met die **n**-klank begin.

Dag 3: Vlotheid en reaksie

- Het jy al monsters in boeke of op TV gesien? Hoe het hulle gelyk?

Hy maak nare sop vir monsters.

“Ons is mal oor jou sop!”
skree die monsters.

Week 7

Gedeelde Lees

Dag 1: Begrip

- Hoekom wil die monsters Vusi se sop eet?
- Watter geluid maak die monsters wanneer hulle sop eet?

Dag 2: Dekodering

- Wys na die woord **naar**.
- Vind woorde wat met die **k**-klank begin.

Dag 3: Vlotheid en reaksie

- Hoe sê jy die monsters se woorde?
- Is jy bang vir monsters?



“Borrel, borrel, kook en
kwaad stook!” skree hulle.
“Hierdie sop maak ons
naar en gemeen!”

Fanele kry blomblare, blomme, bessies en takkie.



Fanele maak gawe sop vir feetjies.

Week 7

Gedeelde Lees

Hou aan die einde van hierdie bladsy op met lees vir die week.

Dag 1: Begrip

- Wat kry Fanele in die tuin vir haar sop?
- Watter soort sop maak sy?
- Vir wie maak sy dit?
- Wat is 'n feetjie? *(denkbeeldige, klein wesentjie met spesiale magte)*

Dag 2: Dekodering

- Wys die flitskaart vir die woord **gawe**. Pas die flitskaart by die woord op die bladsy.
- Vind woorde wat met die **f**-klank begin.

Dag 3: Vlotheid en reaksie

- Het jy al feetjies in boeke of op TV gesien? Hoe het hulle gelyk?
- Is feetjies werklik of denkbeeldig?

“Ons is mal oor jou sop!” fluister die feetjies.

Week 8

Gedeelde Lees

Verlede week het ons begin om 'n lang storie oor sop te lees. Hierdie week gaan ons die storie klaar lees. Kom ons probeer onthou wat tot dusver gebeur het voordat ons verder lees en kyk wat gebeur.

Vertel die storie tot waar ons verlede week gelees het, en lees verder vanaf bladsy 36.

Dag 1: Begrip

- Wat het tot dusver in die storie gebeur?
- Wat fluister die feetjies vir Fanele?
- Wat gee die feetjies vir Fanele?
- Watter geluid maak die feetjies terwyl hulle die sop eet?

Dag 2: Dekodering

- Wys na die woord **fluister**.
- Vind woorde wat met die f-klank begin.

Dag 3: Vlotheid en reaksie

- Hoe sal jy die feetjies se woorde sê?
- Is feetjies gaaf of gemeen?
- Hou jy van feetjies? Hoekom?



“Dankie, Fenele,” sê
die feetjies. “Hier is ’n
piepklein feetjiering
vir jou.”

Baba kry 'n plastiekbakkie, 'n stuk beskuit, 'n popskoen en die hondekos.



Week 8

Gedeelte Lees

Dag 1: Begrip

- Wat sit Baba in haar sop?
- Hoekom was die goed wat Baba in haar sop gesit het laf? (*Ons eet nie popskoene of hondekos nie, en ons sit nooit beskuit in sop nie.*)
- Vir wie maak sy haar sop?

Dag 2: Dekodering

- Wys die flitskaart vir die woord **lawwe**. Pas die flitskaart by die woord op die bladsy.
- Vind woorde wat met die **p**-klank begin.

Dag 3: Vlotheid en reaksie

- Het jy al ooit iets lafs gedoen? Wat was dit?
- Watter ander lawwe goed doen babas soms?

Baba maak lawwe sop vir haar poppe.

“Ek is mal oor jou sop, Baba!” sê Mamma.

Week 8

Gedeelde Lees

Dag 1: Begrip

- Wat sê Mamma vir Baba?
- Wat voeg Mamma by Baba se sop?
- Dink jy Mamma hou regtig van Baba se sop?
- Hoekom, dink jy, sê Mamma vir Baba dat sy van haar sop hou?

Dag 2: Dekodering

- Wys na die woord **sout**.
- Vind woorde wat met die s-klank begin.

Dag 3: Vlotheid en reaksie

- Speel jy soms voorgeespeletjies met klein kindertjies?



“Maar ek dink dit kort 'n bietjie sout.”

Intussen sit Mamma wortels,
uie, tamaties, boontjies en
aartappels in haar sop.



Week 8

Gedeelde Lees

Dag 1: Begrip

- Wat sê die kinders vir Mamma?
- Wat doen die kinders in die prent?
- Hoekom, dink jy, hou die kinders van Mamma se sop?

Dag 2: Dekodering

- Wys na die woord **sop**.
- Vind woorde wat met die **m**-klank begin.

Dag 3: Vlotheid en reaksie

- Lees die eerste sin, maar skep asem by die komma.
- Hou jy van sop?
- Waar eet jy sop?
- Watter groente sal jy graag in jou sop wil hê?

“Ons is mal oor jou sop,
Mamma!” sê die kinders.

Gesonde happies

Wanneer ons honger of dors is, kan ons gesonde happies eerder as ongesonde happies kies. Deur gesonde kos te eet help ons ons liggame om sterk te bly. Happies soos roomys, lekkers of gaskoeldrank is ongesond, veral as ons dit in plaas van gesonde kos eet. Hierdie graad 1-leerders het afgemerkt van watter gesonde happies hulle hou.

	Sipho	John	Mavis	Thandi	Ronald	Neo
	✓		✓		✓	✓
		✓		✓		
						
		✓				
			✓			✓
			✓			
	✓					
	✓					✓

Week 8

Lewensvaardigheid

Voor lees

- Het jy pouse 'n happie geëet?
Wat het jy geëet?

Lees

- Ons gebruik tabelle om inligting op 'n maklik verstaanbare manier aan te bied.
 - Watter van hierdie happies het jy al vantevore geëet?
 - In die ander kolomme is daar ses kinders se name. Wat is hul name?
 - Hierdie kinders het elkeen 'n ✓ langs die kos geskryf waarvan hulle hou.
Van watter gesonde happies het Sipho die meeste gehou?
(herhaal met die ander kinders)

Ná lees




- Watter gesonde happie was die gewildste?
- Van watter happie het niemand gehou nie?

Vyf voedselgroepe

Kyk na die skool se spyskaart vir middagete en kyk of die leerders hierdie week iets uit elke groep kry.

Weeklikse spyskaart: Jabulani-skool

- Maandag:** sardiens in tamatiesous en mieliemeel
- Dinsdag:** stampmielies, boontjies en spinasie
- Woensdag:** mieliemeel, melk en piesangs
- Donderdag:** bredie en rys
- Vrydag:** groentesop en brood



Week 9

Lewensvaardigheid

Voor lees

- Op watter maniere het ons reeds kos gesorteer? (gesond/ongesond; van prante/diere)

Lees

- Kyk na die bladsy.
 - Wat is die naam van die skool?
 - Noem die vyf voedselgroepe. Elke groep help ons liggame op 'n spesiale manier.
 - Noem vir my een kossoort uit elke groep.
 - Uit watter kosgroepe het die leerders op Maandag geëet? Dinsdag? ensovoort.

Ná lees

- Dink aan jou middagete gister by die skool. Wat het jy geëet?
- Uit watter van die vyf voedselgroepe het jy geëet?

Hoe om vrugteslaai te maak

Wat jy nodig het:

- vrugte
- lemoensap



Week 9

Gedeelde Lees

Dag 1: Begrip

- Wat gaan die leerders maak?
- Watter vrugte het hulle gebring?
- Maak dit saak as party leerders dieselfde vrug gebring het?
- Het jy al ooit vrugteslaai geëet? Hoe het dit gesmaak?

Dag 2: Dekodering

- Wys die flitskaarte vir die woorde **vrug** en **vrugteslaai**. Pas die flitskaarte by die woorde op die bladsy.
- Vind woorde wat met die **g**-klank begin.

Dag 3: Vlotheid en reaksie

- Wat is jou gunsteling-vrug? Wie in die klas hou ook daarvan?
- Hierdie storie gaan oor vrugteslaai. Watter ander soorte slaai kry ons? Kry ons gekookte slaai? Kry ons warm slaai?



Ons bring elkeen een vrug.

Wat jy gebruik:

- groot bak
- snybord
- groot lepel
- mes
- klein koppies of bakkies en teelepels



Week 9
Gedeelde Lees

Dag 1: Begrip

- Watter kombuisgereedskap het die leerders nodig?
- Wat, dink jy, sal hulle met elke stuk gereedskap doen?
- Hoekom moet elke leerder 'n plastiekbakkie en teelepel klas toe bring?

Dag 2: Dekodering

- Wys die flitskaart vir die woord **bak**. Pas die flitskaart by die woord op die bladsy.
- Vind woorde wat met die **k**-klank begin.

Dag 3: Vlotheid en reaksie

- Watter kombuisgereedskap het julle in jul kombuis by die huis?
- Wat het jy al gebruik? Waarvoor het jy dit gebruik?



Ons bring elkeen 'n klein bakkie en 'n teelepel.

Wat jy doen:

Week 9

Gedeelde Lees

Dag 1: Begrip

- Wat doen die leerders eerste?
- Hoekom doen hulle dit eerste?
- Noem vier dinge wat hulle nóg gedoen het om die vrugteslaai te maak.



Ons was ons hande en dan was ons die vrugte.



Ons skil die lemoene, piesangs en nartjies.

Dag 2: Dekodering

- Wys die flitskaarte vir die woorde **sny** en **skil**. Pas die flitskaarte by die woorde op die bladsy.
- Vind woorde wat met die o-klank begin.

Dag 3: Vlotheid en reaksie

- Kan jy al die goed onthou wat jy moet gebruik om vrugteslaai te maak?
- Dink jy dit is gesond om vrugteslaai te eet? Sê hoekom of hoekom nie.



Ons onderwyser sny die vrugte.



Sy meng al die vrugte saam en voeg die lemoensap by.

Ons vrugteslaai is reg om geëet te word.



Week 9

Gedeelde Lees

Dag 1: Begrip

- Wat doen die leerders?
- Hoe weet jy dat hulle die slaai geniet het?
- Wat het jy geleer oor hoe om vrugteslaai maak?

Dag 2: Dekodering

- Wys weer al hierdie week se flitskaarte. Lees die woorde **vinnig** en **vlot**.
- Vind woorde wat met die **o**-klank begin.

Dag 3: Vlotheid en reaksie

- Watter vrugte sal jy gebruik om vrugteslaai mee te maak? Sê hoekom.
- Waar koop jy vrugte?
- Watter vrugte word verbou waar jy bly?

Dit is heerlik!

Erkennings

Hierdie geïntegreerde program vir Huistaal en Lewensvaardigheid is deur 'n Funda Wandé-span ontwikkel, in oorleg met individue van die kurrikulumdirektorate van die Departement van Onderwys in die Wes-Kaap, Oos-Kaap en Limpopo, akademici en onderwysers.

Die ontwikkeling van hierdie boeke is moontlik gemaak deur die finansiële ondersteuning van die Allan Gray Orbis Foundation Endowment, die FEM Education Foundation, die Michael & Susan Dell Foundation en die Zenex Foundation.

Omslag

Anja Stoeckigt

Foto-erkennings

FREEPIK: Bladsy 7: @prostooleh (dokter en verpleegster); Bladsy 10: @vichle81 (brandweerman); Bladsy 26: @davigegu (boom), @WDnet Studio (kruie), @tj_studio (waatmeloen), @malshakov (gras); @vad_7 (struik); Bladsy 31: @mrsiraphol (piesang), @pch.vector (lemoene), @spayder_1979 (druie), @prasannaplx (piesangboom), @freepik (lemoenboom), @bilanol (wingerd), @atlascompany (spinasie), @pixel-shot.com (ertjies), @spams (botterskorsie), @kukuruzaphoto (ertjieplant), @taroshenko (spinasieplante), @sanpom (botterskorsieplant), @topntp26 (brood), @lovelyday12 (mielieplant), @wirestock (graan), @neilurs (biefbredie), @user7552762 (hoender), @tawatchal07 (koeie wat wei), @wirestock (hoenders), @xamtiw (heuning), @sangsiripech (eiers), @fabrikasimf (kaas), @nipapornnan (melk), @dashu83 (melkkoei), @wirestock (by), @fabrikasimf (geblikte vis), @LuqueStock (see); **FUNDA WANDE:** Bladsy 8: onderwyser; Bladsy 42: vrugte, leerders; Bladsy 43: toerusting, leerder; Bladsy 44: hoe om vrugteslaai te maak; Bladsy 45: onderwyser en leerders; **ISTOCK:** Bladsy 9: kali9 (polisievrou); **SHUTTERSTOCK:** Bladsy 31: ivanfolio (pap)

www.fundawande.org

ISBN: 978-1-77630-614-5

Version 4: 2024



Enigiemand is vry om die materiaal te **deel** (die materiaal in enige manier of in enige vorm te reproduseer of te versprei) of **aan te pas** (die materiaal vir enige doel te vermeng, te verander en uit te brei), mits jy die werk soos volg erken:

Funda Wandé, Afrikaans Huistaal en Lewensvaardigheid, Grootboek, Graad 1, Kwartaal 3, CC BY 4.0.

Geen bepalings of maatreëls mag bygevoeg word om ander te beperk om enigiets te doen wat deur die wet volgens die lisensie ooreengekom is nie.

Vir meer inligting: <https://creativecommons.org/licenses/by/4.0/>



Funda Wande

Reading for Meaning



Western Cape
Government
FOR YOU

Education

 **creative
commons**
CC-BY- 4.0

ISBN 978-1-77630-614-5



9

781776

306145

VERSION 4.0